

# Dionusios van Halikarnassos (10 vC) en Gérard Genette (1972): tyd

J V Cronjé

## Opsomming

Die sistematiese beskrywing van die narratologiese beginsel van tyd (volgorde, duur en herhaling) word tot die krediet van veral Genette gereken. In hierdie artikel word aangetoon dat volgorde en duur as narratiewe beginsels reeds bykans 2 000 jaar gelede deur 'n literêre kritikus, Dionusios van Halikarnassos, gebruik is. Dionusios pas die retoriese stelsel van sy tyd aan vir die evaluering van narratiewe tekste, spesifiek Thukidides (460–400 vC) se weergawe van die historiese oorlog tussen Athene en Sparta (431–404 vC). Volgens Dionusios moet chronologie gehandhaaf word in die teks, maar *prolepsis* en *analepsis* is 'n noodwendigheid wanneer gebeure wat by een plek plaasgevind het, eers beskryf word, en daarna 'n gelyktydige gebeurtenis by 'n ander plek. Dionusios stel dit dat die belangrikheid van 'n historiese insident die teksduur bepaal. Onbelangrike insidente word uit die teks weggelaat, terwyl meer tekstyd aan belangrike insidente afgestaan word. Drie sake het egter 'n belangrike invloed op die wyse, waarop die narratiewe beginsels toegepas word: die feit dat die narratiewe stelsel van Dionusios deel uitmaak van sy omvattende retoriese stelsel; die feit dat hy dit toepas op historiese materiaal; en, laastens, die feit dat die werk van Thukidides geskryf is met die doel om voorgelees te word.

## Summary

It is generally accepted that Genette, in particular, should receive credit for the systematic description of the narratological principle of time (order, duration and frequency). This article reveals that the narratological principles of order and duration were actually already employed by a literary critic, Dionysius of Halicarnassus, about 2 000 years ago. He adapted the rhetorical system of his time to evaluate narrative texts, specifically for evaluating the history of the Peloponnesian war (431–404 B.C.) as depicted by Thucydides (460–400 B.C.). According to Dionysius, chronology should be upheld in the text, but *prolepsis* and *analepsis* are unavoidable when incidents occurring in one place are described first followed directly by the description of a simultaneous occurrence elsewhere. Dionysius maintained that the significance of a historical incident determined the length of the text devoted to it. Insignificant incidents should be omitted from the text, while important incidents should be allotted the space they merit. The manner in which narrative principles were applied was, however, strongly influenced by three factors namely, the fact that Dionysius' narrative system formed part of his comprehensive rhetorical system; the fact that he applied the principles to historical material; and thirdly, the fact that Thucydides' works were meant to be read aloud.

## 1 Inleiding

In die moderne tyd het verskeie literatuurwetenskaplikes groot bydraes op die gebied van die narratologie gemaak. Wat temporele verhoudinge in narratiewe tekste betref, het Gérard Genette, asook Henry James (Du Plooy 1986: 15–17), E.M. Forster (Du Plooy 1986: 26–29), Wolfgang Kayser (Du Plooy 1986: 61–66), Eberhart Lämmert (Du Plooy 1986: 66–78) en veral die Russiese Formaliste (Du Plooy 1986: 98–121) uitvoerig oor die saak geskryf. Die spesiale bydrae van Genette lê egter daarin dat hy die kategorieë in 'n omvattende teorie gesistematiseer het (Du Plooy 1986: 193–204).<sup>1</sup>

Dit gaan in hierdie artikel om 'n vergelyking tussen die sieninge van Dionusios van Halikarnassos oor die narratologiese beginsel van tyd (wat

anders benoem is deur hom) en moderne weergawes van dieselfde beginsel.

Die doel van die artikel is om aan te toon dat die beskrywing van temporele verhoudinge nie 'n ontdekking van die twintigste eeu is nie, maar reeds 2 000 jaar gelede in die literêre kritiek van die Grieke gebruik is. Vir die doel van die vergelyking is Genette bloot as verteenwoordiger van die moderne narratologie geneem. Die bydraes van die ander literatuurwetenskaplikes word dus nie ontken nie.

## 2 Belangrike terme

Om die vergelyking tussen Genette en Dionusios enigsins moontlik te maak, is dit noodsaaklik om 'n paar begrippe te verduidelik. In die narratologie gaan dit oor 'n sistematiese bestudering van 'n verhalende teks waarin die vertelling van 'n reeks gebeure sentraal staan. 'n Opeenvolging van gebeure vorm 'n storie (*histoire*)<sup>2</sup> wat soos volg gedefinieer word deur Rimmon-Kenan:

“Story” designates the narrated events, abstracted from their disposition in the text and reconstructed in their chronological order, together with the participants in these events.

(Rimmon-Kenan 1983: 3)

Hierteenoor is *teks* dit wat mens lees van dieselfde gebeure. Die teksweergawe van gebeure (*récit*)<sup>3</sup> kan in vele opsigte verskil van die gebeure soos dit in die werklikheid plaasgevind het:

In it, the events do not necessarily appear in chronological order, the characteristics of the participants are dispersed throughout, and all the items of the narrative content are filtered through some prism or perspective.

(Rimmon-Kenan 1983: 3)

Volgens Genette is *tyd* die beginsel waarvolgens die gebeure-komponent van 'n verhaal in die teks georganiseer word. Dit is per definisie die chronologiese relasies tussen storie en teks:

Thus time in narrative fiction can be defined as the relations of chronology between story and text.

(Rimmon-Kenan 1983: 44)

In die werklikheid ontvou gebeure streng chronologies; die teks, wat dieselfde gebeure beskryf, ontvou altyd liniêr wat ruimtelik verstaan moet word. Dit kan verskeie afwykings van die storie vertoon. Die relasie tussen tekstyd en gebeuretyd kan verskillende gestaltes aanneem, wat Genette onder drie beginsels bespreek: volgorde (*order*) (1983: 21–32), duur (*duration*) (1983: 33–37) en frekwensie (*frequency*) (1983: 38–40).

### 2.1 Volgorde

Dit gaan om die volgorde van tekselemente in verhouding tot die chronologie in die fiktiewe “werklikheid”. Die weergawe van gebeure in die teks hoef nie

in dieselfde volgorde aangebied te word as wat dit chronologies in die “werklikheid” of *histoire (fabula)* gebeur het nie. Wanneer ’n gebeurtenis van ’n *fabula* in die teks “chronologies” later vertel word, het mens met ’n distorsie te doen bekend as *analepsis*; as dit aan die ander kant weer “chronologies” vroeër vertel word, staan die distorsie bekend as *prolepsis* (Rimmon-Kenan 1983: 46).

## 2.2 Duur

Met *teksduur* word verwys na die hoeveelheid tekstyd wat aan die beskrywing van die afsonderlike insidente afgestaan word. Hier word tydsduur (gemeet in terme van minute, ure, dae, maande, jare) in die storie vergelyk met tekstyd wat gemeet word in terme van reëls en bladsye. Die vergelyking is dus temporeel-ruimtelik, wat gestalte kry in die vorm van *spoed/tempo (speed/pace)*. Die norm wat geld is nie gelykstelling tussen *fabula* en *sjuzet* nie, maar konstantheid van spoed:

Genette therefore proposes to use constancy of pace, rather than adequation of story and text, as the “norm” against which to examine degrees of duration. (Rimmon-Kenan 1983: 52)

Met konstantheid van spoed word bedoel “the unchanged ratio between story-duration and textual length . . .” (Rimmon-Kenan 1983: 52). As “konstante spoed” as die norm geneem word, is dit duidelik dat daar in beginsel twee afwykings kan wees: *versnelling (acceleration)* en *vertraging (deceleration)*.

*Versnelling* word bewerkstellig deur min tekstyd af te staan aan ’n lang periode in die storie. In die vorm van ’n narratiewe *opsomming* word die pas versnel deur ’n tekstuele kompaktering van ’n gegewe storie-periode. Maksimum spoed neem die vorm van ’n *ellipsis* aan, waar geen tekstyd aan ’n bepaalde periode in die storie afgestaan word nie. Hierteenoor word *vertraging* bewerkstellig deur baie tekstyd af te staan aan ’n kort periode in die storie; en minimum spoed neem die vorm aan van ’n *beskrywende pouse*, waar bepaalde tekstyd onbepaalde korresponderende storietyd het.

Dit word aanvaar dat daar gevalle is waar tekstyd en storietyd ongeveer ewe lank is, bekend as ’n *toneel (scene)*. Die beste voorbeeld hiervan is dialoog, maar ’n gedetailleerde beskrywing van ’n gebeurtenis moet ook as ’n voorbeeld hiervan beskou word (Rimmon-Kenan 1983: 52–54).

Normaalweg is *vertragings* ’n aanduiding van belangrikheid vir die lesers en *versnelling* die teendeel. Belangrike gebeure word in detail beskryf, terwyl vlugtig oor die minder belangrikes beweeg word.<sup>4</sup>

## 2.3 Frekwensie

Hierdie tydskomponent is die verhouding tussen die aantal kere wat ’n gebeurtenis in ’n storie voorkom en die aantal kere wat dit in die teks genoem of vertel word. Dit gaan dus oor herhaling. As daar net een keer vertel word wat een keer gebeur het, is die verhouding *enkelvoudig (singulative)*. As ’n enkele

gebeure meer as een keer vertel word of na verwys word in die teks, is die verhouding *herhalend* (*repetitive*). As net een keer vertel word wat herhaalde-lik gebeur het, is die verhouding *iteratief* (*iterative*).

### 3 Dionusios van Halikarnassos se teorie oor tyd

Die literêre kritikus wat hier ter sprake is, is Dionusios van Halikarnassos, 'n Griek wat aan die begin van die Christelike jaartelling in Rome sy bestaan gemaak het uit die opleiding van jong Romeine in die retoriek. Uit sy werke is dit duidelik dat hy hom egter ook toegelê het op literêre evaluering van alle soorte tekste, nie net op die tekste van redenaars nie. Die bekendste voorbeeld hiervan is die verhandeling wat hy die lig laat sien het oor die werk van die geskiedskrywer Thukidides, *De Thucydide*, wat opgeneem is in sy omnibus oor die redenaars van die klassieke oudheid, *De oratoribus antiquis*.<sup>5</sup>

#### 3.1 Thukidides as historikus

Allereers is 'n kort oorsig oor die persoon, werk en metode van Thukidides noodsaaklik. Thukidides (460–400 vC) was 'n Atheense generaal wat in die Peloponnesiese oorlog tussen Athene en Sparta (431–404 vC) opgetree het. Weens 'n mislukte seeslag word hy van sy pos onthef en verban. Hy besluit om hom vir die volle duur van die oorlog toe te lê op die optekening van die oorlogsgebeure, wat hy met nougesette akkuraatheid en toewyding doen tot en met sy dood in 400 vC, vier jaar na die einde van die oorlog. Sy werk het verskillende fases deurgemaak. Die eerste sou mens die suiwer feitlike kon noem. Met verloop van tyd, soos hy meer insig gekry het in die dieperliggende motiewe en die betekenis van bepaalde insidente, het die fase van interpretasie 'n herskryf van sy werk tot gevolg gehad.<sup>6</sup>

### 4 Die retoriese sisteem van die Grieke en Dionusios

In die tradisionele retoriese sisteem is onderskeid gemaak tussen die vorm (*lektikos topos*) en inhoud (*pragmatikos topos*) van 'n teks. Met vorm is verwys na die styl in die enger sin van die woord, waar woordkeuse en sintaksis aan die orde is, terwyl *inhoud* al die groter tekssegmente omvat het, soos genre en sub-genre en logiese argumente. Die inhoud is onderverdeel in die *skep van argumente*, *seleksie van argumente*, *plasing (ordering)*, *indeling en ontwikkeling van argumente*. Hierdie indeling van *pragmatikos topos* is toegepas in die geval van die evaluering van die redenaars soos Isaios, Lysias, Isokrates en Demosthenes, maar in die geval van Thukidides is dit laat vaar.

Dionusios (Grube 1966: 226) gebruik hier vir die evaluering van Thukidides se werk 'n nuwe verdeling van die *pragmatikos topos*, aangesien die retoriese indeling om klaarblyklike redes nie reg sou laat geskied aan die werk van Thukidides wat narratief van aard is nie. Volgens Dionusios moet die *pragmatikos topos* van 'n narratiewe teks op grond van die volgende verdeling beoordeel word: *keuse (heuresis)* en *organisering (oikonomia)*. In die retoriese sisteem het die *heuresis* 'n belangrike aspek van die redenaar se

aktiwiteit uitgemaak; in die narratologie verwys dit egter net na die keuse van onderwerp (*De Thucydide* 6) en is dus nie ter sprake in hierdie artikel nie. Die *oikonomia* word verder verdeel in:

- verdeling (*dihairesis*);
- teksorde (*taksis*); en
- ontwikkeling (*eksergasia*).

(*De Thucydide* 9)

#### 4.1 Taksis

In die tradisionele retoriese sisteem het *taksis* verwys na die plasing van argumente regdeur die toespraak. Alhoewel die konvensies van elke soort toespraak hier in ag geneem is, was die finale keuse waar 'n argument geplaas moet word, suiwer retories: Waar sal elke argument die meeste trefkrag hê?<sup>7</sup>

Dit geld trouens vir alle literatuursoorte, of daar sprake is van argumente of nie. Hierdie beginsel moes noodwendig vir geskiedskrywing aangepas word, al is dit dan nou ook literêre geskiedskrywing, aangesien dit oor 'n tekstuele weergawe (*sjuzet*) van 'n reeks gebeure (*fabula*) gaan. Of dit egter beteken dat die geskiedskrywer die gebeurtenisse in sy teks kan opneem in die volgorde wat hy as die effektiëste beskou sonder inagneming van die chronologie, is 'n ander vraag. Volgens Dionusios is dit in die geval van geskiedskrywing egter nie moontlik nie. Die hoofhandelingslyn van die teks moet die chronologie van die gebeure respekteer (*De Thucydide* 11). In die geval van Thukidides het ons, soos hierbo reeds gesê, met die interessante situasie te doen dat hy die oorlogsgebeure opgeteken het terwyl dit besig was om te gebeur, jaar na jaar, en dat daar duidelike bewyse bestaan dat hy, in die lig van die verloop van die oorlog, sy teks herskryf het. Dit laat onmiddellik die vraag ontstaan of Thukidides gebruik gemaak het van die tegniek van *prolepsis* en *analepsis* soos deur Genette verstaan.<sup>8</sup> Dit sal in die bespreking van *dihairesis* ter sprake kom.

#### 4.2 Dihairesis

Die *dihairesis* verwys na die wyse waarop die skrywer van historiese gebeure, soos 'n oorlog, die chronologie eerbiedig. In 'n oorlog is daar aktiwiteite wat op verskillende plekke gelyktydig plaasvind. As die chronologie slaafs nagevolg moes word, sou die skrywer die naaste aan die ideaal kon kom deur sy teks fisies in kolomme te verdeel – 'n kolom vir elke plek waar daar gelyktydig aktiwiteite plaasvind – en dan in elke kolom die gebeure aan te teken. Die voordeel van die “gelyktydige chronologie” verval egter die oomblik as die teks gelees word, om nie eers te praat van wanneer die teks voorgelees word soos die gebruik in die Oudheid was nie (*De Thucydide* 16). Thukidides het die probleem probeer ondervang deur al die aktiwiteite op die verskillende plekke op 'n seisoenbasis (somer-winter) te beskryf. Dit het tot gevolg gehad dat sy beskrywing van enige insident op 'n bepaalde punt (nie logies-bepaald nie, maar seisoen-bepaald) onderbreek word om die volgende te beskryf, wat op dieselfde wyse onderbreek word. In *De Thucydide* 9 trek

Dionusios teen hierdie benaderingswyse van Thukidides te velde en wys op die fragmenterende effek daarvan. Aan die einde van sy kritiek stel hy dit duidelik dat die gekiedenis as 'n "ononderbroke opeenvolging van gebeure" beskryf moet word, veral as daar sprake is van baie gebeure wat moeilik is om te begryp. Die benaderingswyse van Herodotos (480–425 vC)<sup>9</sup> in hierdie verband is dan die korrekte: Herodotos het die "ononderbroke opeenvolging van gebeure" by 'n spesifieke plek beskryf, totdat 'n logiese rede hom die geleentheid gebied het om die bespreking van gebeure by plek A voorlopig te laat vaar, terug te keer in die geskiedenis en die bespreking van die insidente by plek B op dieselfde wyse te doen.

As Dionusios dus daarop aandrung dat die natuurlike chronologie gehandhaaf moet word (*De Thucydide* 11), verwys hy nie na die metode van Thukidides in hierdie verband nie, maar na dié van Herodotos, waarmee die gebruik van *prolepsis* en *analepsis* onvermydelik is en ook nie in stryd met die beginsel van chronologie "per insident" is nie.<sup>10</sup>

### 4.3 Eksergasia

Twee opmerkings is van spesiale belang vir die doel van hierdie artikel: In *De Thucydide* 13 begin Dionusios met sy bespreking van die werk van Thukidides in terme van die beginsel van *eksergasia* met die volgende opmerking:

Ek sal vervolgens aantoon dat hy (dit is Thukidides) nie versigtig genoeg is wat die ontwikkeling (dit is *eksergasia*) van sekere episodes betref nie, deur òf te veel ruimte af te staan aan *onbelangrike sake*, òf *te vinnig te beweeg* oor dié wat *deegliker behandeling vereis*.

Die tweede opmerking waarna verwys word, kom aan die begin van sy bespreking van die wyse waarop toesprake hanteer word deur Thukidides:

... dat in die retoriese passasies ons skrywer [dit is Thukidides] dieselfde swakheid geopenbaar het, naamlik dat hy *onbelangrike materiaal insluit* en *belangrike materiaal uitsluit* by die beskrywing van dieselfde onderwerp by dieselfde geleentheid.<sup>11</sup>

Uit hierdie twee opmerkings kan verskeie afleidings gemaak word. Wat *gebeure* betref, moet duidelik tussen grade van belangrikheid onderskei word. Alhoewel die skrywer in hierdie geval met die optekening van historiese gebeure te doen het, is daar sekere gebeure wat hy as onbelangrik mag beskou en ander as belangrik in verskillende grade van belangrikheid.

Wat *eksergasia* oftewel *teksduur* betref, moet die onbelangrike sake nie opgeneem word in die teks nie, terwyl belangrike gebeure wel opgeneem moet word. Die belangrikheid van elke insident wat wel opgeneem word, bepaal hoeveel tekstyd daaraan gewy word: hoe belangriker, hoe meer tekstyd, hoe minder belangrik, hoe minder tekstyd.

In *De Thucydide* 15 haal Dionusios etlike voorbeelde aan as bewys dat die teksduur 'n direkte reflektering van die belangrikheid van die insidente is: Thukidides se weergawe van die lyding van die plaaslike inwoners by Plataia (3.52–68), Mitilene (3.27–50) en Melos (5.84–116) word, volgens hom, met

reg uitvoerig (etlike hoofstukke in elke geval) beskryf. Hierteenoor word die lyding van die Skiete (5.32.1), die inwoners van Euboia (1.114.3) en van Aigina (2.27.1), wat in elke geval in net 'n paar reëls beskryf word, “deur loutere bondigheid tot (insidente) van geen betekenis gereduseer”.

Uit die bespreking van *eksergasia* is dit ook duidelik dat nóg Thukidides nóg Dionusios geskiedskrywing as 'n klakkelose weergawe van feite beskou het. Feite moet korrek weergegee word, maar die skrywer het vrye teuels ten opsigte van wyse van aanbieding. Die feit dat sekere insidente weggelaat word en ander bespreek word, hou verband met die skrywer se interpretasie van gebeure. Dit geld ook vir die hoeveelheid tekstyd wat aan die beskrywing van individuele insidente afgestaan word. Hoe meer insig Thukidides tydens die verloop van die geskiedenis verwerf het, hoe meer het hy sy werk verwerk: die beskrywing van sekere insidente uitgebou en ander weer ingekort of selfs weggelaat. Van “objektiwiteit” is daar dus geen sprake nie. 'n Belangrike implikasie van die toepassing van narratiewe beginsels op geskiedskrywing is die feit dat die skrywer se weergawe van die geskiedenis dus sy talige weergawe van die werklikheid (nie fiksie nie) is. Waar Dionusios van Thukidides verskil, kan mens sê dat sy talige weergawe van die werklikheid van dié van Thukidides verskil. Deur Thukidides “narratologies” te lees, kan mens dus onmiddellik sy interpretasie van die geskiedenis aflei.

Uit hierdie afleidings is dit duidelik hoekom 'n vergelyking tussen Genette en Dionusios geregverdig is. Dit lyk asof Genette se basiese beginsel van *spoed in tekstyd*, soos vergestalt in die verskillende grade van *vertraging* en *versnelling* maar net 'n moderne weergawe van Dionusios se beginsel ten opsigte van belangrikheid van gebeure en *eksergasia* is. *Narratiewe opsomming* en *ellips* is gestaltes van *versnelling* en word eweneens deur Dionusios erken. As hy sê dat 'n onbelangrike insident nie in die teks opgeneem hoef te word nie, is dit sy manier om die beginsel van 'n *ellips* te formuleer, en as hy verwys na die vele insidente wat Thukidides met te min woorde beskryf, het ons tog kennelik met die beginsel van 'n *narratiewe opsomming* te doen. Sy verwysing na die voorbeelde van gedetailleerde beskrywings van lotgevalle van mense hierbo, sou aan die ander kant as *toneel (scene)* beskou kon word. Dat Dionusios deeglik bewus was van die effek van maksimum vertraging, sien mens in sy opmerking dat die oormaat toesprake in die eerste vier boeke van Thukidides steurend inwerk op die vloeï van die verhaal en dat die luisteraars dit hinderlik vind (*De Thucydide* 16).

Dit lyk nie of Dionusios vir die tegniek van *beskrywende pouse* voorsiening gemaak het nie. In die lig van wat hierbo gesê is, lyk dit ook logies, aangesien hy dit as onbelangrik sou beskou. In die retoriek het 'n soortgelyke tegniek, bekend as *parekbasis*, egter 'n definitiewe funksie gehad. Dit is algemeen deur die redenaars gebruik om 'n verskeidenheid van redes, byvoorbeeld as teenvoeter vir verveeldheid aan die kant van die toehoorders (*De Isocrate* 4).<sup>12</sup> In die lig van die feit dat die werk van Thukidides ook voorgelees is, sou 'n *beskrywende pouse* geregverdig wees. Hierdie tegniek is trouens herhaalbaar deur Herodotos gebruik en is dus nie vreemd aan die genre van geskiedskrywing nie. Alhoewel Dionusios nie sy weergawe van 'n *beskrywende pouse* in sy bespreking van die werk van Thukidides ter sprake gebring

het nie, kan mens aanvaar dat dit ook 'n plek sou hê in sy narratiewe raamwerk.<sup>13</sup>

## 5 Dionusios se begrip van narratologiese beginsels

*Die vraag is egter of hierdie beginsels presies dieselfde deur Dionusios verstaan is of nie.*

Daar is drie sake wat 'n direkte invloed gehad het op die wyse waarop Dionusios sy narratologiese beginsels hanteer het en wat die verskil tussen Dionusios en Genette verklaar:

Eerstens, die feit dat die narratologiese model van Dionusios uit die *retoriek* ontwikkel het en binne die breër raamwerk van die retoriek funksioneer.

Tweedens, die feit dat Dionusios sy narratiewe model toepas op *non-fiktiewe literatuur*, met name geskiedskrywing.

Derdens, die feit dat die werk van Thukidides in die eerste instansie geskryf is met die doel om voorgelees te word.

Wat die invloed van die *retoriese raamwerk* betref, moet dit eerstens gemeld word dat die narratiewe beginsels wat Dionusios in sy evaluering van Thukidides hanteer het, nie 'n selfstandige stelsel vir die evaluering van narratiewe tekste was nie. Dit maak deel uit van die omvattende retoriese sisteem wat Dionusios deurgaans aangewend het in sy bespreking van die ander redenaars in die res van die omnibus, die *De oratoribus antiquis*, waarin die werk oor Thukidides ook opgeneem is. Soos voorheen vermeld, is in die tradisionele retoriese sisteem onderskeid gemaak tussen die *vorm (lektikos topos)* en *inhoud (pragmatikos topos)* van 'n teks. Die kategorieë van die *pragmatikos topos* van die tradisionele retoriese sisteem is toegepas in die evaluering van die redenaars soos Isaios, Lysias, Isokrates en Demosthenes, maar in die geval van Thukidides is dit, soos aangetoon, met 'n stel narratiewe beginsels vervang. Wat hier van belang is, is die feit dat Dionusios nie volstaan het met sy narratiewe analise van Thukidides nie; hy het voortgegaan met die bespreking van die werk van Thukidides in terme van die *lektikos topos* van die retoriese sisteem, wat omtrent twee-derdes van sy werk oor Thukidides uitgemaak het.

Dionusios se bespreking van die *tekstyd* wat Thukidides afgestaan het aan die afsonderlike insidente (in terme van die relatiewe belangrikheid van elke insident), moet ook teen die agtergrond van die omvattende retoriese sisteem gesien word. In sy bespreking van die redenaars het hy telkens, wanneer hy 'n redenaar beoordeel in terme van die beginsel van *eksergasia*, probeer bepaal of die relatiewe belangrikheid van 'n argument of saak gereflekteer is in die tekstyd wat die redenaar aan die saak afgestaan het. Die relatiewe belangrikheid van 'n saak of argument word buite die teks om bepaal, waarna die redenaar se hantering daarvan krities beoordeel word (byvoorbeeld *De Isocrate* 4–10).

Hierdie selfde werkwyse is opmerklik in sy hantering van die narratologiese beginsel van *eksergasia*. In die *De Thucydide* word die indruk soms geskep dat Dionusios as 't ware deur die teks heen na die historiese verhaal kyk, die



belangrikheid van die insidente in die geskiedenis self bepaal, en dan krities oorweeg of die teks die relatiewe belangrikheid van die historiese insident reflekteer. Ironies genoeg is hy op Thukidides se weergawe van die gebeure aangewys, aangesien daar geen ander weergawe van die Peloponnesiese oorlog bestaan nie!

Vir hom word die belangrikheid van 'n veldslag onder meer bepaal deur die getal ongevalle. Met hierdie uitgangspunt gaan hy voort om te bepaal of Thukidides genoeg of te veel tekstyd aan die beskrywing van 'n veldslag afgestaan het. In hierdie verband moet sy heftige kritiek teen die bekende begrafnisrede van Perikles, opgeneem in Bk II van Thukidides, genoem word (*De Thucydide* 18). In die historiese insident waarna verwys word, het maar so min as vyftien soldate in 'n onbelangrike skermutseling gesterf. Tog word hulle, volgens Thukidides, met 'n staatsbegrafnis vereer by welke geleentheid die beroemde begrafnisrede van Perikles gelewer is. Dionusios verwys na ander insidente waar duisende soldate gesterf het sonder om met 'n staatsbegrafnis vereer te word en bevraagteken tereg die historiese waarde van die gebeure. Volgens hom het Thukidides dit egter "laat plaasvind" om 'n geleentheid te bied vir die aanvoerder van die Atheense magte, Perikles, om 'n rede te hou, aangesien hy geweet het dat Perikles kort daarna gesterf het.

Hierdie manier van beoordeling van tekstyd verskil dus nie van hoe hy die *eksergasia* by die redenaars toegepas het nie.

In alle billikheid moet egter gesê word dat daar wel etlike voorbeelde is waar Dionusios klaarblyklik die teks respekteer en eerder die tekstyd wat afgestaan is aan die beskrywing van 'n insident probeer verstaan. In *De Thucydide* 15 redeneer hy oor Thukidides se hantering van die onderhandelings tussen Sparta en Athene oor die driehonderd Spartane wat by Pulos gevang is. Thukidides het in terme van *eksergasia* die Spartane se standpunt veel belangriker geag as die van die Atheners. Dionusios sê dat hy dit besef, maar nie kan insien hoekom Thukidides dit gedoen het nie. Later, in dieselfde hoofstuk, bespreek hy die manier waarop Thukidides die lyding wat veral met spesifieke veldslae gepaard gaan, hanteer.

Uit hierdie bespreking is dit duidelik dat hy na 'n norm soek in terme van tekstyd in die teks self. Hy meen dat die omvang van die lyding op sigself die norm behoort te wees. Die probleem is dat Thukidides glad nie konsekwent is in die manier waarop hy lyding weergee nie. Uit die teks kan die leser telkens die omvang van die lyding bepaal. Wat hy egter nie kan begryp nie, is hoekom 'n groot lyding dikwels gering geskat is en 'n "klein" lyding soms oorskakel is.

Hierdie selfde poging om in die teks na 'n norm te soek, sien mens in sy bespreking van Thukidides se hantering van toesprake (*De Thucydide* 17). Hy begin sy evaluering van die toesprake in die werk van Thukidides met die woorde:

... dat in die retoriese passasies ons skrywer (dit is Thukidides) dieselfde swakheid geopenbaar het, naamlik dat hy onbelangrike materiaal insluit en belangrike materiaal uitsluit by die beskrywing van dieselfde onderwerp by dieselfde geleentheid.

Hy kan eenvoudig net nie verstaan hoekom Thukidides sekere toesprake volledig weëgee en ander net opsommend aanbied nie. Sy bespreking van die uitvoerige inleiding van omtrent vyfhonderd reëls is ook 'n voorbeeld van sy poging om in terme van die omvang van die werk as geheel 'n regverdiging vir so 'n lang inleiding te soek. Hy volstaan deur in *De Thucydide* 20 voor te stel hoe hierdie inleiding tot agt-en-sewentig reëls verkort kan word!

Die tweede saak wat bepaald 'n invloed gehad het op die wyse waarop Dionusios sy narratiewe beginsels hanteer, is die feit dat hy dit toegepas het, nie op fiksie nie, maar op *historiese literatuur*. Soms motiveer hy teksvolgorde deur te verwys na die feit dat Thukidides met historiese materiaal gewerk het: in die geskiedenis volg gebeure chronologies op mekaar – daarom moet dit op so 'n wyse in die teks aangebied word (*De Thucydide* 11).

Die feit dat Thukidides met historiese materiaal gewerk het, het ook 'n direkte invloed gehad op die hoeveelheid tekstyd wat aan die bespreking van afsonderlike insidente afgestaan is. Hierdie saak is reeds hierbo bespreek met verwysing na die invloed van die omvattende retoriese sisteem. Die belangrikheid van 'n insident is egter nie net retories bepaal nie, maar eweseer deur die feit dat dit 'n historiese insident was.

Die derde saak wat 'n invloed gehad het op die wyse waarop Dionusios sy narratologiese beginsels hanteer het, is die feit dat die werk van Thukidides geskryf is met die doel om *voorgelees* te word (*De Thucydide* 16), eie aan die gebruik van sy tyd. Dit beteken dat die *impak van die teks op die gehoor* van besondere belang was. Hoe suksesvol sou die teks gekommunikeer kon word in 'n lesers-gehoor-situasie? Enkele opmerkings van Dionusios verraai duidelik dat dit 'n oorweging was. Dionusios kritiseer byvoorbeeld die feit dat Thukidides so buitengewoon baie tekstyd aan toesprake afstaan. Die grond vir sy kritiek is nie in die narratologie te vind nie, maar in die impak op die toehoorders: hulle sal die oormaat toesprake in die eerste vier boeke hinderlik vind (*De Thucydide* 16). Dit geld ook dikwels vir sy motivering vir die handhawing van die chronologie in die aanbieding van insidente (*taksis*): fragmentariese aanbieding van insidente is verwarrend vir die toehoorder en moeilik om te volg (*De Thucydide* 9).

## 6 Kommentaar

Dit is duidelik dat Dionusios se narratologiese model nie volledig was nie: kategorieë soos sprekersperspektief, ruimte en karakterisering ontbreek. Verder is daar ook nie sprake van 'n volledige sistematiese uiteensetting van sy narratologiese raamwerk nie. Dit is 'n groot gebrek en 'n vergelyking met Genette sou dit soveel makliker gemaak het. Verder kon Dionusios ook nie ontkom aan die literêre tradisie van sy tyd nie. Sy narratologiese stelsel het 'n onderdeel uitgemaak van 'n omvattende retoriese sisteem wat gebruik is vir die beoordeling van die werk van redenaars en het 'n onmiskenbare invloed gehad op die wyse waarop hy sy narratologiese beginsels toegepas het. Ook het hy hom laat beïnvloed deur die feit dat Thukidides van historiese materiaal (en nie fiksie nie) gebruik gemaak het. Tog word sewentien van die vyf-en-vyftig hoofstukke van die *De Thucydide* gewy aan 'n narratologiese

analise van Thukidides se werk. Die afleidings wat mens kan maak uit sy bespreking is voldoende om die basiese beginsels ten opsigte van *taksis*, *dihairesis* en *eksergasia* te formuleer. Genette se beginsel van *tekswolgorde* was algemeen in gebruik in die literêre kritiek van die Oudheid en ook in die narratologie van Dionusios (*taksis*). *Teksduur* as narratologiese beginsel is eweneens deur Dionusios gebruik.

## Aantekeninge

1. Genette se narratologiese insigte word beskryf in *Discours du récit* (1972), wat in die Engelse vertaling van 1980 onder die titel *Narrative Discourse* verskyn het. In sy *Nouveau discours du récit* (1983) (Engels: *Narrative Discourse Revisited*, 1988) reageer hy op die reaksie wat hy op *Discours du récit* ontvang het.
2. Die Russiese Formaliste het van *fabula* gepraat.
3. Die Russiese Formaliste het van *sjuzet* gepraat.
4. Daar is egter gevalle waar spesiale effek bereik word deur presies die teenoorgestelde te doen (Rimmon-Kenan 1983: 56).
5. Om hiervan sonder meer af te lei dat hy Thukidides as 'n redenaar beskou het en dat die vergelyking met Genette dus nie geldig is nie, is nie waar nie. Soos later aangetoon sal word, het hy Thukidides in terme van 'n narratologiese raamwerk beoordeel, anders as in die geval van die redenaars.
6. Vir verskillende interpretasies, vergelyk Lesky (1966: 471–472).
7. Vergelyk in hierdie verband Cronjé (1986: 42–49), waar aangetoon word dat Dionusios self hierdie beginsel toepas om te bewys dat Demostenes die beste stilis is.
8. Die beginsel van *inleiding* en *samevatting* of *konklusie* was onontbeerlik in die retoriek en alle vorme van literatuur waar die skrywer 'n saak wou beredeneer (Cronjé 1986: 7). In sy bespreking van die uitvoerige inleiding wat Thukidides geskryf het tot sy werk, verwys Dionusios (met verwysing na *Rhetorica ad Alexandrum* 29) na hierdie gebruik en meld dat die laaste vyftig reëls van die inleiding as 'n goeie inleiding tot Dionusios se werk as geheel dien. Hy kritiseer Thukidides egter ten onregte dat hy nie sy werk op dieselfde wyse aan die einde afgerond het nie (*De Thucydide* 19). (Thukidides is wel eers vier jaar na die einde van die oorlog oorlede, in 400 vC, maar dit word algemeen aanvaar dat die gebrek aan afronding aan sy dood te wyte is (Lesky 1966: 471–472)). In hierdie inleiding word egter nie na insidente verwys wat later volledig beskryf word nie. Aangesien Thukidides nie 'n *konklusie* tot sy werk geskryf het nie, kan mens nie Dionusios se opinie daaroor bepaal nie. Dit is egter duidelik dat die tegniek van *inleiding* en *samevatting* of *konklusie*, wat regdeur die werk voorkom, nie aan *prolepsis* en *analepsis* gelykgestel kan word, waar sprake is van die beskrywing van *insidente* nie.
9. Hy het die Grieks-Persiese oorloë (499–479 vC) beskryf.
10. Die oomblik as die skrywer terugkeer in die geskiedenis na sy beskrywing van die chronologies-opeenvolgende gebeure by plek A om dieselfde te doen met die gebeure van plek B, is daar in elk geval 'n distorsie in die chronologie.
11. In albei gevalle is die beklemtoning deur my gedoen.
12. Vir nog redes, vergelyk Cronjé (1986: 47)
13. Trouens, die tegniek van *parekbasis* is self deur Dionusios in sy verhandeling oor Demostenes (*De Demosthene*) aangewend (Cronjé 1986: 31–34, 36, 45–46).

## Verwysings

- Cronje, J.V.  
1986 *Dionysius of Halicarnassus: De Demosthene: A Critical Appraisal of the Status Quaestionis*. Spudasmata xxxix. Hildesheim: Georg Olms.
- Du Plooy, H.  
1986 *Verhaalteorie in die twintigste eeu*. Durban: Butterworth.
- Genette, G.  
1988 *Narrative Discourse Revisited* (vertaling van *Nouveau discours du récit* deur J.E. Lewin). New York: Cornell University Press.
- Grube, G.M.A.  
1965 *The Greek and Roman Critics*. London: Methuen.
- Lesky, A.  
1966 *A History of Greek Literature*. London: Methuen.
- Page, T.E. (ed.)  
1965 *Aristotle Problems II. Rhetorica ad Alexandrum*. London: Heinemann.
- Pritchett, W.K.  
1975 *Dionysius of Halicarnassus: On Thucydides*. Berkeley: University of California Press.
- Rimmon-Kenan, S.  
1983 *Narrative Fiction*. London: Methuen.
- Warmington, E.H. (ed.)  
1974 *Dionysius of Halicarnassus: The Critical Essays in Two Volumes, Volume 1*. London: Heinemann.